ARMOEDVERLIGTING: TUINBOUPROJEK EN MATERIËLE ONDERSTEUNING (NOODSPENS, TWEEDEHANDSE KLEREKAMER)

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK) 12.5

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Ring van Uitenhage	Mev. K du Toit
POSADRES	Posbus 15, Uitenhage, 6230	CMR, Posbus 183, Uitenhage, 6230
E-POS		cmruitenhage@telkomsa.net
FAKSNOMMER	041- 9661878	041- 9921064
TEL-WERK	041- 9661878	041-9229004
TEL-HUIS	041- 9661797	041-9228636
SEL		084 6452208

	16 September 2008
(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER)	(DATUM)

3.BESKRYF DIE DOEL /BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Die doel van die projek is om die mees kwesbare persone wat by die CMR aanmeld by te staan en hulle materiële nood te verlig, maar ook om hulle in staat te stel om self verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle vooruitgang.

Verder het die projek ook ten doel om wanvoeding aan te spreek en die begunstigdes se immuniteit te verhoog. Sodoende wil ons die liefde van Christus tasbaar maak vir die kinders en ouers en toon dat hulle kosbaar is vir God.

Hierdie projek val saam met die Ring van Uitenhage se visie om in afhanklikheid van God se opdrag die strome van lewende water vir die dorp en sy mense te wees.

4. DIE PERSONE WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT VIND EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL:

Die begunstigdes van CMR Uitenhage se dienste is persone/gesinne uit die agtergeblewe gemeenskappe van Uitenhage, wat in algehele armoede lewe (wit, bruin en swart mense).

Die meerderheid van hierdie mense is werkloos of betrokke in die informele besigheidsektor soos straatverkope van groente en vrugte, huiswerk soos skoonmakers en tuinwerkers of staatsafhanklikes.

Werkloosheid is so hoog soos 46,4% en mense wie in algehele armoede leef maak 38,5% van die bevolking uit.

Die areas aangrensend aan die dorpsgebied word gekenmerk deur 'n mengsel van kleinerige sement huise en informele sink of hout huise. Die meerderheid van huise het wel water en sanitasie. Andersins is water beskikbaar by gemeenskaplike punte in die strate. Informele huise gebruik die put/gat stelsel vir sanitasie.

Maatskaplike probleme wat veral in die area voorkom vloei voort uit armoede

en sluit emosionele/geestelike armoede in wat gekenmerk word deur
gebrekkige ouerskapvaardighede, drankmisbruik, gesinsgeweld en materiële
nood wat voedselnood en gebrek aan klerasie insluit. Die insidensie van
MIV/VIGS is so hoog soos 32,64% van die bevolking.

Dit is die mees kwesbare gesinne waarvan die ouers/versorgers werkloos is, wat
dikwels sonder kos gaan slaap asook persone wat met die gevolge van die
MIV/VIGS pandemie saamleef wat baat vind by die projek. Gesinne wat by die
Raad kom aanklop om materiële hulp word aanvanklik gehelp met die versoek
om voedsel/klerasie. Hulle huislike situasie word ondersoek en indien hulle
behuising se omheining dit enigsins toelaat, word hulle betrek by opleiding en die
maak van individuele tuine om in hulle voedselnood te voorsien en ook om so
hulle eie inkomste aan te vul.
In Langa en KwaNobuhle is daar omheinde gemeenskaplike tuine. Daar is **tans**
162 gesinne betrokke by die projek. Die aanvraag na die groentetuinprojek is
groot aangesien voedselpryse en stygende inflasie 'n knypende effek het op
gesinne se besteebare inkomste. Ons voorsien dat indien die fondse beskikbaar
is die projek jaarliks kan groei met meer as 20 gesinne wat vaardighede aanleer,
eie klein huisbedrywe kan begin en indien tuinbou gesinkroniseer word moontlik
op klein skaal aan besighede vars produkte kan voorsien.
Die hoop bestaan dat leierskapvaardighede so ontwikkel sal word. Ons vertrou
dat gemeenskappe ook tasbaar die liefde van Christus ervaar deurdat
gemeentelede van die Ring die hande en voete van die projek sal word onder
bestuur van die CMR van Uitenhage. Daar word verder voorsien dat ander
gemeenskapslede die voordeel sal sien en later self sal versoek om deel te word
van die projek en sodoende die algehele omstandighede van Uitenhage algehele
omstandighede van Uitenhage se omliggende voorheen benadeelde areas sal
ophef. Ons hoop om in die toekoms ook samewerking met UDDI en Departement
van Maatskaplike Ontwikkeling te kry by die projek. Susan Kammies sal hierdie onderhandelinge eersdaags begin.

5. BESKRYF DIE STAPPE/ FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/ FASES	TYDSVERLOOP
Aankope van voedselvoorraad vir noodspens - oes uit tuine geskied eers na ± 3 maande	Deurlopend
Insamel van klere vir tweedehandse klerekas vir die nooddruftiges daar winste uit projek eers met verloop van tyd hulle omstandighede sal verbeter	Deurlopend
Onderhoudsvoering/identifisering van moontlike begunstigdes van materiële bystand vir tuinprojek	Deurlopend
Monitering van proses	Deurlopend
Onderhandelinge met Dept Maatsk Ontwikkeling en UDDI	Maart 2009
Aankoop van tuinboutoerusting	Maart 2009
Aanbieding van entrepeneurskursus 3 dae	Maart 2009 Augustus 2009

Opleiding van ander tuiniers deur leiers	Deurlopend soos wat huishoudings geïdentifiseer word
Saai van groente	Deurlopend
Oes en verkope	Deurlopend
End van jaar funksie/ Sertikaatgeleentheid	November 2009
Bemarking en bewusmaking by Gemeentes en Gemeenskap	Deurlopend

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN DIE LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE/ANDER)
Mev K du Toit	CMR Uitenhage
Mev S Kammies	CMR Uitenhage
Mnr W Rawula	NG Kerk van Afrika - Langa
Gemeentelede	Ring van Uitenhage

6.2 BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID	BEDRAG
Grawe	20	R 1 800.00
Staalharke	30	R 1 200.00
Tuinslange met koppelstukke	20	R 3 000.00
Tuinvurke	20	R 2 400.00
Gifkanne	10	R 1 600.00
Handvurkies	20	R 500.00
Gieters	20	R 1 500.00
Pik en steel	5	R 750.00
Kruiwa	5	R 1 300.00
Skoffels	20	R 2 000.00
Saad		R10 000.00
Gif	60 x 100ml	R 1 800.00
Velle sout	50kg	R 100.00
Totaal		**R27 950.00**

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BV TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING ENS)

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Vervoer	Deurlopend
Telefoonoproepe	Deurlopend
Ontwikkeling van drukwerk- digitaal	Kwartaalliks
Tikwerk	Deurlopend
Addisionele werkure Susan Kammies	Vrydae

6.4 ANDER

SERTIFIKAATGEKEENTHEID	
Prys/toekenning	R 1 000
Verversings	R 1 000
Koördineerdersg ratifikasie	R 1 600
Totaal	**R 3 600**

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
Administratiewe koste (tel/vervoer/ drukwerk)	R 4 400
Toerusting en Saadaankope	R 27 950
Sertifikaatgeleentheid	R 3 600
Kosvoorraadaankope (Noodspens)	R 4 000
TOTAAL	**R 39 950**

6.5.2 SKEDULE

DATUM	BEDRAG
1 Maart 2009	**R39 950**

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Elektronies
Aan: Ring van Uitenhage
Bank: Eerste Nasionale Bank
Tak: 210316
Rekening: 62028053841

	22/09/2008
(HANDTEKENING VAN VOORSTELLER)	(DATUM)

RINGSKRIBA.